

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 21 - nr. 17&18.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

2 Mei 2021

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

EREDIENS: Dr. Petrus Venter

Erediens – 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Nehemia 6:1 – 7:3

Teks: Nehemia 6: 15-16

Sing- VOORSANG: Ps. 118:11, 13

TYDENS EREDIENS: Ps. 68:9, 12;

Ps. 40:6,8; Ps. 127:1,2; Ps. 102:9,10

**WANNEER KOM DAAR WERKLIKE
ROEPINGSVERVULLING?!**

LEERPREDIKING

Ons leerprediking sal DV weer na die herfsvakansie voortgaan. Ons het gevorder tot by Sondag 31 van die Kategismus.

Ons vertrou om Sondag 9 Mei 2021 met Sondag 32 voort te gaan.

Die vraag sal wees waarom ons dan ook goeie werke moet doen?

Voorsang

Ps. 118:11,13

Ontmoetingsdiens

Votum en seën

Lofsang: Ps. 68:9,12

Apostoliese Geloofsbelydenis

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet: Eksodus 20

Sing: Ps.40: 6, 8

Gebed

Woorddiens

Sing: Ps. 127:1,2

Skriflesing: Nehemia 6:1 – 7:3

Teks: Nehemia 6: 15 - 16

Preektema

**WANNEER KOM DAAR WERKLIKE
ROEPINGSVERVULLING
IN JOU EN MY LEWE?!**

Dankgebed

Liefdesdiens kollekte – In die banke DVB
By die deure – Teologiese Studentekas

Slotpsalm

Sing: Ps. 102: 9, 10

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Vandag: 2 Mei 2021

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Teologiese Studentekas**

Sondag: 9 Mei 2021

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: Diakonale bystandfonds (Art.25KO)

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



Snap here to pay

SnapScan

WYK – DIENSBEURT

Vandag – 2 Mei 2021: Wyk 8

- **Ouderling:** Br Ferreira Meyer
- **Diaken:** Br Barend Snyman
- **Wyksuster:**

Sondag – 9 Mei 2021: Wyk 1

- **Ouderling:** Br Leendert Snyman
- **Diaken:** Br Wikus Snyman
- **Wyksuster:** Sr Miemie Snyman

MEELEWING

- Sr Ronelle van der Walt het afgelope week 'n groot rugoperasie in Bloemfontein moes ondergaan. Ons is dankbaar om te mag hoor die operasie het goed afgeleëp en dat sy ook weer tuis mag wees. Ons bid haar verdere volkome herstel toe.
- Br Jan Venter moet weer Dinsdag vir verdere mediese ondersoek in Bloemfontein wees. Ons vertrou dat alles goed sal verloop.

VERJAARSDAE

Vandag – 2 Mei Devan van Aswegen

Dinsdag – 4 Mei Ella Ferreira

Dinsdag – 4 Mei Colin Zietsman

Saterdag – 8 Mei Roelof Coetzee

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

| | |
|---|--------------|
| Dankoffers ontvang vir Maart – April 2021 | R109 196 -0 |
| Gemiddeld per besoekpunt per maand | |
| Werklike uitgawes | R132 544- 80 |
| Tekort | R-23 348-00 |
| Ramings per lidmaat per jaar | R543.29 |
| Kermis (boekjaar) | |
| Steak etes (boekjaar) | |

Finansiële inligting vir Maart- April 2021 in huidige finansiële jaar

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

Ons het oorgegaan op 'n nuwe boekhoustelsel (FinKerk) en die berekening is hoofsaaklik deur

die opsteller van die program gedoen wat ook die syfers vir die afgelope jaar help verwerk het. Mag die Here gee dat ons in die tyd na goeie reëns en soveel om voor dankbaar te wees werklik ook die verskil in ons dankbaarheidslewe sal kan bemark?

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by <https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-kategese Die rooster vir 2021 is opgestel en kan by die skakel <http://bit.ly/2KhypYe> afgelaai word. Laerskool kategese sal DV volgende Sondag weer voortgaan. Al ons lesmateriaal (*Laat my lammers wei en die dele uit die Kategismus*) wat die Laerskool hierdie jaar gaan behandel is by die skakel <http://bit.ly/2KhypYe> opgelaai.

Hoërskool – kategese Ons het gevorder tot by Les 28. Ons versoek al die Hoërskool-katkisante om tot by Les 28 op datum te kom. Die volgende les-aanbieding sal DV weer op 11 Mei 2021 hervat.

BYBELSTUDIE

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord. Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. Al die vorige opnames is daar beskikbaar. **Daar is 23 gebede op die wyse hanteer. Die reeks sal DV in die week van 9 Mei weer hervat.**

DORKAS- SUSTERS

Die volgende Steak-ete sal DV op 28 Mei 2021 plaasvind.

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Daar is in hierdie tyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.

Die Dorkas Susters wil elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingeolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Ons volgende Kerkraadsvergadering vind DV op 26 Mei 2021 plaas.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

| | | | |
|----------------------|-------------------------|-----------------|------------------------------|
| Predikant | Dr. Petrus Venter | 084 704 2348 | ds@gksa-postmasburg.co.za |
| Skriba | Oudl. Leendert Snyman | 083 286 8496 | leendert@webmail.co.za |
| Admin Beampste | Vakant | 084 704 234 8 | admin@gksa-postmasburg.co.za |
| Voorsitter: Diakonie | Diak. Johan Reinecke | 082 579 8572 | johanreinecke@yahoo.com |
| Koster | Br. Louis Calitz | 083 775 3058 | 076 147 6772 |
| Kassier | Oudl. Lukas Potgieter | 079 695 0555 | lukaskathu@gmail.com |
| Sendeling | Dr. Victor d'Assonville | 0049 1755063249 | vicdas@rtsonline.de |

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>


<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

| | |
|---|--|
| Erediens bywoning | |
| Kollekte: Diens van barmhartigheid | |
| Kollektes: | |
| SnapScan en elektroniese bydraes diakonie | |

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

| Rekening | Rekeningnommer |
|---------------------------|----------------|
| Alle bydraes (Dankoffers) | 2130-3400-35 |
| Diakonie | 2130-28-0008 |
| Dorkas-susters | 407-382-6782 |
| Kermisinbetalings | 90-9779-4784 |
| Steak-ete inbetalings | 91-4771-8016 |



Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za